DIE FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME
VAN SUID-AFRIKAANSE SKOLE

# Geïntegreerde Jaarverslag
# 2018



FEDSAS
25 jaar • years



# Inhoudsopgawe


**Voorwoord: Nasionale Voorsitter** 3

**Inleiding** 4

FEDSAS se benadering tot verslagdoening 4

Termyn gedek in hierdie verslag 4

Afkortings en verklarende terme 4

Kontakbesonderhede en terugvoering 4

**FEDSAS 25: Pas aan en Groei** 5

**Oorsig oor Fedsas** 9
- Wie is FEDSAS? 9
- Kernwaardes 9
- Waarvoor staan FEDSAS? 9
- Wat doen FEDSAS vir jou? 10
- Beheerstrukture 11
- Nasionale Raad 11
- Komitees 11
- Nasionale voetspoor 12

**Fokusareas en Strategiese Doelwitte** 14
- Fokusarea: Opleiding 14
- Fokusarea: Bewusmaking 15
- Fokusarea: Navorsing 17
- Fokusarea: Groei ledetal 19
- Fokusarea: Fondswerwing en verhoudingsbestuur 19
- Fokusarea: Goeie korporatiewe bestuur 19

**Doelwitte vir 2019** 20

**Verslag van die Uitvoerende Hoof** 21

**Finansiële State** 24

© FEDSAS Nasionaal
Saamgestel deur FEDSAS
Uitleg deur Chrysalis Advertising & Publishing



# Voorwoord: Nasionale Voorsitter

Hoewel die idee van volhoubaarheid graag voorgehou word wanneer organisasies praat oor hul doelwitte en ideale, is praktiese voorbeelde daarvan veel minder. Om ’n kwarteeu van sukses te vier, is min organisasies beskore. As in gedagte gehou word dat die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole as ’n nie-winsgewende organisasie hoofsaaklik van ledegeld en borgskappe vir inkomste afhanklik is, dat die organisasie aktief is in die uitdagende onderwysomgewing en dat die organisasie kon ontstaan in een politieke bestel en kon aanpas en groei in ’n volgende, is die 25ste bestaansviering van FEDSAS ’n merkwaardige mylpaal.

Dwarsdeur al die uitdagings die afgelope 25 jaar het FEDSAS nooit afgewyk van sy visie van die behoud en bevordering van gehalte-onderwys in openbare skole in Suid-Afrika nie. Die organisasie glo onwrikbaar in die mag van onderwys om verandering in die groter samelewing mee te bring. Deur skoolbeheerliggame met raad en daad te ondersteun, dra FEDSAS nie net by tot die bou van die demokrasie nie, maar ook tot die individuele toekoms van elke jong kind in ’n openbare skool in Suid-Afrika.

Die volgende 25 jaar sal nuwe uitdagings meebring. Die sogenaamde Vierde Industriële Revolusie, die samelewing se toenemende afhanklikheid van tegnologie, wêreldwye druk op hulpbronne en unieke politieke uitdagings is maar van die aspekte wat FEDSAS se werkswyse en betrokkenheid in die onderwys beïnvloed. Dit is egter ook uitdagings soos hierdie wat die organisasie op sy tone hou en dwing om voortdurend aan te pas en te groei. Gerugsteun deur ’n kwarteeu se institusionele ervaring en met 25 jaar se intellektuele kapitaal as morele kompas is FEDSAS uitstekend geposisioneer om die uitdagings van die toekoms die hoof te bied.

Hierdie geïntegreerde jaarverslag bied ’n oorsig van FEDSAS se aktiwiteite gedurende 2018, asook ’n beeld van die organisasie se geskiedenis die afgelope 25 jaar. Dit vier suksesse, is eerlik oor uitdagings en kyk vorentoe met verwagting.

Erhard EH Wolf:
Nasionale voorsitter

# Inleiding

## FEDSAS se benadering tot verslagdoening

FEDSAS aanvaar die King IV™-verslag oor Beheer vir Suid-Afrika, 2016, as die brondokument oor dít waaruit goeie beheer bestaan. Tog is daar ook ander rigtinggewende dokumente oor, en vereistes vir, goeie beheer wat vir organisasies sonder winsbejag geld. Dit sluit in die SANGOCO-etiekkode vir Organisasies sonder Winsbejag (1997), die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Kode van Goeie Praktyk vir Suid-Afrikaanse Organisasies sonder Winsbejag (2001) en die Onafhanklike Kode vir die Beheer en Waardes van Organisasies sonder Winsbejag in Suid-Afrika (2012).

Hierdie geïntegreerde jaarverslag gee terugvoering oor, en bied ’n vooruitskouing van, die organisasie se verbintenis tot goeie beheer en hoe dit grondslag vind in sy aktiwiteite. Die doel van die verslag is om aan alle rolspelers, intern en ekstern, ’n oorsig en insig te bied oor die nie-finansiële en finansiële stand van sake in terme van FEDSAS se strategiese doelwitte. Sodoende word rolspelers in staat gestel om die organisasie se prestasie en volhoubaarheid te evalueer. FEDSAS wil met hierdie verslag aan rolspelers wys hoe die organisasie waarde toevoeg tot die Suid-Afrikaanse samelewing.

## Termyn gedek in hierdie verslag

Hierdie geïntegreede jaarverslag bied ŉ oorsig oor FEDSAS se werksaamhede vir 2018, asook die finansiële jaar 2017.

## Afkortings en verklarende terme

- **DMO-kode:** Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Kode van Goeie Praktyk vir Suid-Afrikaanse Organisasies sonder Winsbejag (2001)
- **FEDSAS:** Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole
- **Organisasie sonder winsbejag:** ’n Organisasie wat nie ’n winsoogmerk najaag nie, wat insluit ’n organisasie wat opgerig is as ’n maatskappy ingevolge die Maatskappyewet 71 van 2008 (’n maatskappy sonder winsbejag), ’n statutêre liggaam, trust of vrywillige vereniging, ongeag of dit ingevolge die Wet op Organisasies sonder Winsbejag 71 van 1997 as ’n organisasie sonder winsbejag of ingevolge die Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962 as ’n openbarevoordeelorganisasie tot stand gebring is
- **SANGOCO-kode:** Die Suid-Afrikaanse Nasionale NRO-koalisie se Etiekkode vir Organisasies sonder Winsbejag (1997)
- **Skolewet:** Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996
- **Wet op Nasionale Onderwysbeleid:** Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996
- **Wet op Indiensneming van Opvoeders:** Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998

## Kontakbesonderhede en terugvoering

Terugvoering oor die inhoud en struktuur van hierdie verslag sal FEDSAS in staat stel om sy verslagdoeningspraktyke voortdurend te verbeter.

### Nasionale kantoor: 051-522 6903
### Webwerf: www.fedsas.org.za



# FEDSAS 25: Pas aan en Groei

Oorlewing is afhanklik van aanpasbaarheid. Organismes of stelsels wat kan aanpas by onafwendbare verandering, kan hul voortbestaan verseker. In die konteks van organisasies is oorlewing egter nie genoeg nie: groei is die doelwit. ’n Organisasie wat groei, het dus daarin geslaag om van aanpasbaarheid ’n vaardigheid te maak; die vermoë om onmiddellik en suksesvol op verandering te reageer, maar ook om moontlike veranderinge te voorspel en proaktief op te tree. Die geskiedenis van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole getuig van hierdie gedugte kombinasie van aanpasbaarheid en groei, soos duidelik blyk uit die volgende draaipunt-oomblikke.

# FEDSAS 25 Tydlyn

## 1993

September 1993:
Stigting van FEDSAS-voorganger, SAFSOS

Lede: 9 provinsiale verenigings met vrywilligers

## 1999

Eerste provinsiale bestuurder (Vrystaat)

## 2006

FEDSAS verander vanaf federasie na unitêre liggaam

6 permanente personeellede
Totale begroting: R1.8 miljoen met uitgawes van R2.3 miljoen

## 2007

Lede: 873 skoolbeheerliggame

## 2015

Vestiging van FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer

## 2016

Ledetal steek 2000-kerf oor
Ontwikkeling van nuwe webtuiste

## 2017

Implementering van beginsels van King IV™ -verslag

## 2018

Vestiging van FEDSAS Sentrum vir Tegnologie

Lede: 2070 skoolbeheerliggame
51 permanente personeellede
Totale begroting: R23 miljoen

FEDSAS 25 jaar • years

# Pas aan by eksterne verandering

Samewerking is een van die sleutelvaardighede waarop FEDSAS se aanpasbaarheid berus. Hierdie bereidwilligheid tot samewerking kan teruggespeur word tot met die ontstaan van FEDSAS in 1993. In daardie jaar is alle skole, met enkele uitsonderings, onder die gesag van die Departement Onderwys en Kultuur: Administrasie Volksraad tot staatsondersteunde skole verklaar. Dit was die dae toe daar vier verskillende modelle vir skoolbeheer en -bestuur was (model A, B, C en D). Model C was die staatsondersteunde model en hierdie skole het spoedig die naam Model C-skole gekry.

Meer magte en verantwoordelikhede is aan skoolbeheerliggame (toe nog bekend as bestuursliggame) toegeken, maar daar was groot onsekerheid oor wat die funksies en verantwoordelikhede van hierdie liggame behels het. In verskillende provinsies het daar spoedig verenigings van hierdie liggame ontstaan totdat besluit is om ŉ Suid-Afrikaanse federasie van hierdie verenigings te stig.

Die Suid-Afrikaanse Federasie van Staatsondersteunde Skole (SAFSOS) is in September 1993 in Bloemfontein gestig. Die lede van SAFSOS was nie individuele beheerliggame nie, maar die verskillende provinsiale verenigings. Die provinsiale verenigings was grootliks outonoom en dit het SAFSOS moeilik gemaak om te bestuur.

Die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het vir SAFSOS ook verandering ingelui. Een van die veranderinge was die aanloop tot en die aanvaarding van die SA Skolewet in 1996. Hierdie wet het weggedoen met die rasgebaseerde onderwysstelsels wat op daardie stadium bestaan het. SAFSOS was betrokke by ŉ ministeriële komitee wat die nuwe minister moes adviseer oor ŉ nuwe model vir die beheer, bestuur en befondsing van skole wat deur wetgewing tot stand gebring moes word.

Ná die afhandeling van die werk van ministeriële komitee, bekend as die Hunter-komitee, het die minister ŉ span kundiges onder voorsitterskap van adv. Eberhard Bertelsman, SC, aangestel om te begin werk aan die skryf van ŉ wet wat skoolonderwys in die toekoms sou beheer. Paul Colditz is aangewys as die leier van die SAFSOS-span wat voorleggings aan hierdie span kundiges sou maak. Hy was ook die leier van die span wat namens SAFSOS die voorlegging aan die parlementêre portefeuljekomitee vir onderwys gemaak het by die finale beoordeling van die wetsontwerp voordat dit aan die parlement voorgelê sou word vir goedkeuring.

Nog voordat die SA Skolewet aanvaar is, het die leierskap van SAFSOS (in daardie stadium ŉ federale raad) besef dat ŉ nuwe bedeling aan die kom is en dat daar voortaan nie meer staatsondersteunde skole sou wees nie. ŉ Nuwe naam en nuwe grondwet sou vir SAFSOS beding moes word, met FEDSAS wat sodoende SAFSOS vervang het.

Op 27 April 1998 is Paul Colditz as nuwe nasionale voorsitter van FEDSAS verkies in die plek van dr. Hennie van Deventer. Hy het hom ten doel gestel om FEDSAS te herstruktureer om ŉ meer soepele liggaam te wees.

ŉ Belangrike inisiatief van FEDSAS het sy ontstaan in samesprekings wat Colditz op 28 Augustus 1998 met die toenmalige Minister van Onderwys, prof. Sibusiso Bengu, gehad het. Hy het aan die minister voorgestel dat ŉ liggaam daargestel moet word waarbinne beheerliggame op gereelde basis met die ministerie en die nasionale onderwysdepartement kon vergader oor sake van gemeenskaplike belang. Die minister het ingestem en so het die Nasionale Raadplegende Forum in 1999 tot stand gekom. Dit bestaan vandag nog en vergader kwartaalliks.

# Pas aan by interne verandering

Hoewel groot klem geplaas word op organisasies se reaksie op veranderinge vanuit die eksterne omgewing, is dit in baie gevalle die klein jakkalsies van binne wat groei belemmer. In hierdie opsig is organisatoriese selfkennis die aanpasbaarheidsvaardigheid wat FEDSAS in staat gestel het om te bly groei.

Op ’n vergadering van die organisasie se Federale Raad in November 2006 is besluit om FEDSAS te omskep in ʼn enkele unitêre vereniging en op die ontbinding van die provinsiale verenigings. ʼn Nuwe grondwet is aanvaar en Mike Randell is as nuwe voorsitter gekies.  Paul Colditz is toe aangestel as uitvoerende hoof van die organisasie. Ona Heckroodt is aangestel as nasionale sekretaresse van FEDSAS en alle personeel wat toe in diens was van die provinsiale verenigings het personeellede geword van die nuwe unitêre liggaam. Die naam FEDSAS het steeds iets van ʼn federale organisasie verklap, maar omdat die naam reeds so gevestig was, is besluit om dit te behou.

Die aanpassing het geblyk die regte ding te wees, want hiervandaan verder het die organisasie geblom, tot so ʼn mate dat Jaco Deacon in Oktober 2008 as nasionale operasionele bestuur aangestel is. Met die uitbreiding wat gevolg het, is sy posbenaming later verander na adjunk- uitvoerende hoof en meer personeellede is aangestel.

’n Bykomende uitdaging van binne, genoodsaak deur veranderinge in die eksterne omgewing, was om die personeel van FEDSAS meer verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse samelewing te maak. Hoewel FEDSAS uit hoofde van die onderwysomgewing van daardie tyd dus in die stigtingsjare hoofsaaklik wit skole bedien het, het die organisasie se ledeprofiel verander na mate die samelewing verander het. FEDSAS-lede het skole oor die hele spektrum van die Suid-Afrikaanse samelewing ingesluit en dit was noodsaaklik dat ’n doelbewuste poging aangewend word sodat die personeelkorps van die organisasie ook hierdie verandering verteenwoordig. Die eerste swart adjunk-provinsiale bestuurder was Simon Machere in die Vrystaat. ’n Diverse, verteenwoordigende personeel word as ’n prioriteit gesien, nie omdat dit wetlik vereis word of omdat dit polities korrek is nie, maar omdat FEDSAS die inherente waarde van diversiteit hoog aanslaan.

ʼn Strategiese beplanningsessie wat oor maande in 2012 geduur het en wat sterk gesteun het op die werk van Jim Collins, het die strategiese posisionering van “Preserve the core, stimulate progress” tot gevolg gehad. Ononderhandelbare kernwaardes vorm die grondslag waarop vooruitgang gebou word.

## Pas aan by sukses

Sukses kan ook ’n struikelblok wees. Dit is dus belangrik vir ’n organisasie om ook by sy eie sukses aan te pas en steeds te groei. ʼn Belangrike oomblik in FEDSAS se bestaan het aangebreek in Januarie 2012 toe FEDSAS sy eie nasionale kantoor in Bloemfontein betrek het. Uiteindelik kon al die persone verbonde aan die nasionale kantoor in een gebou gehuisves word.

FEDSAS se eerste internasionale blootstelling het in 2011 gevolg toe Paul Colditz genooi is om die International Symposium on Education Reform (ISER) in Boksburg toe te spreek. Hy is daarna ook in dieselfde jaar genooi om die World Innovation Summit on Education in Doha, Qatar, toe te spreek. Jaco Deacon is in 2017 vereer met ʼn onderwysleierskaptoekenning van die World Congress on Education en was ’n spreker op die WCE-kongres in Indië. Gedurende 2018 is Colditz deur die Amadeus Institute genooi om die Medays-konferensie in Marokko toe te spreek.

Nie alleen het hierdie suksesse erkenning gegee aan die kundigheid binne die organisasie nie, maar die internasionale blootsteling voed weer FEDSAS se profiel as gerekende rolspeler in die onderwysomgewing.

## Pas aan by die toekoms

Om te reageer op verandering wat oor jou pad kom, spreek slegs tot die oorlewingsaspek van aanpasbaarheid. Om verandering te voorspel en proaktief op te tree, voltooi die kringloop deur te spreek tot die groei-aspek van aanpasbaarheid. Vanaf die FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer tot die splinternuwe FEDSAS Sentrum vir Tegnologie is die organisasie by wyse van spreke gerat om op sy voete te dink en onmiddellike sowel as langtermyn-veranderinge en uitdagings die hoof te bied.

# Oorsig oor FEDSAS

## Wie is FEDSAS?

FEDSAS is die leier in skoolbeheer- en bestuur. Die organisasie fokus op die ontwikkeling van bekwame skoolbeheerliggame van openbare skole. FEDSAS verskaf inligting, organiseer, mobiliseer en rus ons lede toe om die hoogste onderwysstandaarde in openbare skole te handhaaf en uit te bou. Die organisasie is in 1993 gestig en het oor die afgelope meer as twee dekades gegroei tot een van die mees gerekende rolspelers in Suid-Afrikaanse onderwys.

FEDSAS se **visie** is die behoud en bevordering van gehalte onderwys in openbare skole in die Republiek van Suid-Afrika.

FEDSAS se **missie** is om alles binne sy vermoë te doen om sy lede en hul belangegroepe te verteenwoordig in die vestiging en bevordering van die hoogs moontlike standaard van opvoeding vir al die kinders van ons land, in die algemeen, en om effektiewe skoolbeheer en -bestuur te bevorder ten einde eersgenoemde te bereik, in die besonder.

## Kernwaardes

### Uitmuntendheid

Om kompromisloos gehalte-diens te lewer en om altyd te soek na beter maniere om dinge te doen deur ons verbintenis aan voortdurende verbetering in ons persoonlike en professionele lewe.

### Integriteit

Om eerlik, deursigtig, oop, geloofwaardig en respekvol op al ons verskille in ons interne en eksterne interaksies te bou.

### Passie

Om ’n positiewe verskil te maak deur geesdrif, toewyding, sterkte, intensiteit en om algehele oorgawe na te streef in alles wat ons doen.

### Rentmeesterskap

Om verantwoordelikheid te aanvaar en verantwoordbaar te wees.

### Verhoudinge

Die beste en mees bevredigende plek om te werk – ons is die FEDSAS-familie.

## Waarvoor staan FEDSAS?

- FEDSAS glo aan maksimum outonomiteit vir beheerliggame en dus streef ons daarna om die regte en bevoegdhede van beheerliggame uit te brei.

- FEDSAS ondersteun en bevorder die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, insluitend taal- en toelatingsbeleid.

- FEDSAS ondersteun die beginsel dat beheerliggame ’n belangrike rol speel om geleenthede vir alle leerders te skep om hulle volle potensiaal te bereik.

- FEDSAS onderskryf die behoud en bevordering van ’n kultuur van uitnemendheid in opvoeding, onderwys en dienslewering.

- FEDSAS is deurentyd besig om gesonde verhoudinge met alle belangegroepe in die onderwys te vestig en uit te bou sodat die beste belange van die leerder uiteindelik gedien kan word.

## Wat doen FEDSAS vir jou?

- FEDSAS is die mees verteenwoordigende spreekbuis vir skoolbeheerliggame landwyd. Ons lewer kommentaar op konsepwetgewing en onderwysbeleid, wat beteken ons lede se belange word op ’n hoë vlak verteenwoordig.

- FEDSAS is vir 25 jaar al ’n gerekende meningsvormer en rolspeler in openbare onderwys op nasionale en provinsiale vlak.

- FEDSAS beskik oor gevestigde nasionale en provinsiale strukture ten einde ’n diens aan al ons lede landwyd te kan lewer.

- FEDSAS het reeds verskeie rigtinggewende hofsake gewen en ons het voltydse onderwysregspesialiste om lede by te staan in die uitoefening van hul regte, insluitend gevalle van onregmatige inmenging in die beheer en bestuur van skoolaangeleenthede.


- FEDSAS verleen hulp aan beheerliggame oor die hele spektrum van skoolbeheer en -bestuur, onder meer personeelaanstellings, arbeidsverhoudinge, strategiese beplanning en finansiële bestuur.

- FEDSAS se webblad is die mees omvattende bron rakende inligting oor skoolbeheer en -bestuur, waaronder beleidsdokumente, handleidings vir beheerliggame en voorbeelde van kontrakte. FEDSAS het ook ’n reeks produkte, waaronder DVD’s en boeke wat oor ŉ verskeidenheid aspekte van skoolbeheer en –bestuur handel.

- FEDSAS het grondige ervaring van onderwysaangeleenthede. As ’n aktiewe, dinamiese organisasie is ons op hoogte van veranderinge en herstrukturering op onderwysgebied en ons kan ons lede dienooreenkomstig adviseer.

- FEDSAS is ’n demokratiese, nie-politiese organisasie en lede kies jaarliks hul leiers.

# Beheerstrukture



## Komitees

| | |
|---|---|
| Uitvoerende komitee | Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die uitvoering van FEDSAS se strategie en sakeplanne. Dit funksioneer onder voorsitterskap van die uitvoerende hoof en bestaan uit al die senior personeel van die organisasie. |
| Vergoedingskomitee | Die vergoedingskomitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende menslike hulpbronne en vergoeding van personeel. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel. |
| Ouditkomitee | Die ouditkomitee is verantwoordelik vir die toesig oor FEDSAS se finansies, risiko en voldoeningsvereistes. Dit is deel van die beheerstrukture van die nasionale raad en die voorsitter en lede word deur die nasionale raad aangestel. |
| Strategiekomitee | Die strategiekomitee is 'n staande komitee van die nasionale raad bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, uitvoerende hoof en adjunkhoof en adviseer die nasionale raad oor strategiese kwessies. |

## Nasionale Raad

'n Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS. Hierdie beginsel beteken dat die Nasionale Raad uiteindelik vir die organisasie en sy werksaamhede verantwoordelik is. Die Nasionale Raad is die struktuur wat oor FEDSAS se welvaart verantwoording sal moet doen. Lede van die Nasionale Raad word jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering van FEDSAS verkies. Die Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS, wat die beheer van die geld en ander bates van die organisasie insluit. Aangesien die Nasionale Raad ander se bates beheer, staan die organisasie sowel as alle individuele lede van die Nasionale Raad in 'n vertrouensverhouding ('n fidusiêre verhouding) teenoor FEDSAS. Ooreenkomstig sy fidusiêre pligte, moet die Nasionale Raad in belang van die organisasie handel. Benewens fidusiêre pligte, is lede van die Nasionale Raad ook verplig om behoorlike sorg, vaardigheid en toewyding aan die dag te lê. Hulle het ook statutêre pligte wat deur verskillende wette (insluitend die gemenereg), die oprigtingsdokumente van die organisasie (die grondwet van FEDSAS) en enige ooreenkomste wat die organisasie kan aangaan (soos die aanstellingsbriewe of dienskontrakte van lede van die Nasionale Raad) aan hul opgelê word. Lede van die Nasionale Raad behoort hul pligte te verstaan om moontlike persoonlike aanspreeklikheid weens pligsversuim te voorkom. Lede van die Nasionale Raad ontvang geen vergoeding in ruil vir hul diens nie. Tog kan pligsversuim steeds tot verantwoordbaarheid en persoonlike aanspreeklikheid lei.

Besoek die FEDSAS-webtuiste by **www.fedsas.org.za** vir inligting oor provinsiale rade en FEDSAS se personeel in elke provinsie.

# FEDSAS se Nasionale voetspoor:

## Verspreiding van lede / kontakbesonderhede

531
lede
**Wes-Kaap**
Skakel 078 894 9552

125
lede
**Noord-Kaap**
Skakel 078 451 8120

156
lede
**Noordwes**
Skakel 081 011 4988

353
lede
**Vrystaat**
Skakel 078 800 0335


222
lede
**Oos-Kaap**
Skakel 078 451 8107

289
lede
**Gauteng**
Skakel 078 451 8089

82
lede
**Limpopo**
Skakel 078 451 8116

159
lede
**Mpumalanga**
Skakel 078 451 8019

143
lede
**KwaZulu-Natal**
Skakel 081 011 4993



**Besoek die FEDSAS-webtuiste by www.fedsas.org.za vir inligting oor provinsiale rade en FEDSAS se personeel in elke provinsie.**

FEDSAS 25 jaar • years

www.fedsas.org.za

# Fokusareas en Strategiese Doelwitte

FEDSAS se organisatoriese en operasionele aktiwiteite vind neerslag in die volgende fokusareas:

## Fokusarea: Opleiding

FEDSAS se primêre fokus is die toerus van skoolbeheerliggame. Dit sluit interne opleiding van personeel en lidskole in, asook die beskikbaarstelling van opleidingsgeleenthede vir die breër skoolgemeenskap.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2018 rondom opleiding:

#### FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer

**Aksies onderneem:**

- Hersiening van *Skoolbestuur in openbare skole – 'n gids tot die toepassing van die King-beginsels in openbare skole* om inhoud te belyn met die IoDSA *King IV™*-verslag
- Ontwikkeling van 'n aanbieding oor kulturele diversiteit vir die FEDSAS-personeelberaad, tesame met die aanbied van 'n referaat en deelname aan 'n paneelbespreking oor die onderwerp by die SAELA-konferensie
- Aanpassing en implementering van twee instrumente om beheerliggame by te staan (Ná-vergaderings-opname en SBL-jaarlikse prestasie-evaluering), beskikbaar op die FEDSAS-webtuiste

#### FEDSAS Sentrum vir Tegnologie

**Aksies onderneem:**

- Vestiging van FEDSAS Sentrum vir Tegnologie
- Bied werksessies aan en ontwikkel aanlynseminare

FEDSAS Sentrum vir | Centre for TEGNOLOGIE TECHNOLOGY

### FEDSAS Sentrum vir Tegnologie

Die FEDSAS Sentrum vir Tegnologie is in Oktober 2018 tydens die EduTECH Africa-geleentheid bekend gestel. FEDSAS het lankal reeds die noodsaaklike aard van onderwystegnologie raakgesien en staan lidskole reeds 'n paar jaar al by ten einde seker te maak dat leerders en opvoeders gereed is vir die digitale era. FEDSAS is ook die enigste skoolbeheerliggaam-organisasie wat beskik oor 'n portefeulje wat spesifiek fokus op onderwystegnologie en digitale burgerskap. Die fokus van die sentrum is om skole by te staan en raad te gee oor die sinvolle implementering van nuwe tegnologie in die onderwysomgewing. Hierdie innoverende program sal skole help met die integrasie van nuwe tegnologie in die klaskamer, op kampus of as deel van skooladministrasie. Papierlose kommunikasie, kontantlose omgewings, toegang tot aanlynbiblioteke, die verrykte aanbieding van lesse en die wêreld van kodering, robotika en die ontwikkeling van toepassings is van die aspekte waarop die sentrum sal kan fokus. Die FEDSAS Sentrum vir Tegnologie sal op 'n aanlynplatform gehuisves word by **www.fedsastech.org.za**

### Personeelopleiding

**Aksies onderneem:**

- Personeelberaad vir administratiewe personeel
- Personeelberaad vir provinsiale bestuurders

### Spesifieke opleiding vir skoolbeheerliggame

**Aksies onderneem**

- Ontwikkeling en opleiding wat fokus op aankope en voorkeurverkryging, finansies, dissipline, aanstellings en toelatings.
- Induksie van nuwe beheerliggaamlede: 216 sessies, 9904 deelnemers van 1576 skole
- Voortgesette en gevorderde opleiding: 156 sessies, 4593 deelnemers van 638 skole
- Waardegedrewe Skole-program: 6 sessies, 327 deelnemers van 7 skole
- Bykomende opleiding: 72 sessies, 1105 deelnemers van 264 skole
- Skoolbesoeke: 1280 sessies, 2688 deelnemers van 1568 skole
- Aanlyn-opleiding: 20 sessies, 988 deelnemers van 433 skole

# Fokusarea: Bewusmaking

Bewusmaking fokus onder meer op die werksaamhede van FEDSAS, bewusmaking van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet, asook bewusmaking rondom bepaalde projekte gedurende spesifieke periodes.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2018 rondom bewusmaking:

### Doelgerigte bewusmaking rondom skoolbeheerliggaamverkiesing

**Aksies onderneem:**

- Ontwikkeling van twee webtuistes (www.skoolverkiesings.co.za en www.liefvirmyskool.co.za) met inligting oor die verkiesing en die rol van ’n beheerliggaam (95 501 trefslae/*page views* in totaal)
- Omvattende veldtog op sosiale media, insluitend Twitter (*impressions*: 50 125), Facebook (*reach*: 112 812) en Instagram (*impressions*: 9108)
- Uitstuur van mediaverklarings en nuusbriewe
- Mediaskakelingsgeleenthede met onder meer Radio 702, SABC, Radio KC, Groot Ontbyt en LitNet

### Doelgerigte bewusmaking rondom die opskerpsessies vir die Waardegedrewe Skole-projek

**Aksies onderneem:**

- ’n Skakel op die webblad met al die inligting rondom die landwye sessies
- Uitreik van mediaverklarings
- Nuwe e-pos-handtekeninge vir alle personeel
- Elektroniese advertensies
- Gebruik van sosiale media en spesiale nuusbriewe

### Bewusmaking rondom Wêreldmoedertaaldag

**Aksies onderneem:**

- Uitstuur van mediaverklaring in ses tale (Afrikaans, Engels, isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Setswana)

### Bewusmaking rondom Wêreldonderwysersdag

**Aksies onderneem:**

- 'n Skakel op die webblad met al die inligting rondom Wêreldonderwysersdag
- Uitreik van mediaverklaring
- Elektroniese advertensies
- Gebruik van sosiale media
- FEDSAS-nasionale kantoor besoek Dr Böhmer-skool in Bloemfontein

### Groei van FEDSAS se sosiale media-voetspoor


**Aksies onderneem:**

- Bring sosiale media-skakels sover moontlik op alle kommunikasie (intern en ekstern) aan om gebruikers na sosiale media toe te stuur en sodoende gebruikersfrekwensie te verhoog
- Gebruik Facebook, Twitter en Instagram om inligting te versprei en ook om terugvoering te verkry
- Skep van Whatsapp-groepe om interne kommunikasie en inligtingsverspreiding te verbeter
- Totale *reach* oor verskeie digitale media-platforms vir sesmaande-periode (Jan – Jun 2018): 1 327 333

### Algemene bewusmaking: tradisionele media

**Aksies onderneem:**

- Uitstuur van mediaverklarings oor 'n verskeidenheid onderwerpe, sommige gefokus op FEDSAS-aktiwiteite en ander as meningsvormer
- 10 mediaverklarings vir die tydperk 1 Januarie 2018 tot 31 Oktober 2018
- Mediaverklaring-trefslag-ratio: 1:2.8 (gemiddeld twee artikels vir elke mediaverklaring)



### Algemene bewusmaking: webtuiste

#### Aksies onderneem:

- Verhoog verkeer na webtuiste (**www.fedsas.org.za**) vir periode 1 Januarie 2018 tot 31 Oktober 2018
- 69 474 besoeke aan webtuiste (Jan-Okt 2018)
- 28 927 unieke besoekers (60% vorige besoekers, 40% nuwe besoekers)
- gemiddelde besoektyd van 5:24 minute

## Fokusarea: Navorsing

FEDSAS se toegewyde span onderwysreg-spesialiste doen voortdurend navorsing oor beleidsontwikkeling, konsepwetgewing en ander aspekte van wetgewing wat skoolbeheerliggame raak.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2018 rondom navorsing:

#### Aksies onderneem:

- Deurlopende navorsing vir spesifieke regsaksies en hofsake waarby FEDSAS namens sy lede betrokke is
- Ontwikkeling en hersiening van beleidsdokumente
- Publikasies deur FEDSAS-personeel:
  - *'n Praktiese handleiding oor skoolbeheer* beskikbaar in ses tale (Afrikaans, Engels, Sesotho, Setswana, isiXhosa, isiZulu)
  - Deacon, J., Colditz, P., Van Rooyen, J., Mellet, S., Van der Merwe, J., Swemmer, D. & Van der Bergh, R. 2017. *Finansiële bestuur in openbare skole: 'n Praktiese handleiding vir voldoening*. Kaapstad: Juta.

### FEDSAS verskuif grense met skoolbeheer-handleiding in ses SA tale

FEDSAS het vanjaar 'n handleiding vir skoolbeheerliggame bekend gestel. *'n Praktiese handleiding oor skoolbeheer* is in ses tale beskikbaar, insluitend Engels, Afrikaans, Sesotho, Setswana, isiXhosa en isiZulu. Inligting soos hierdie is, met enkele uitsonderings, gewoonlik slegs in Engels beskikbaar. Vir FEDSAS is dit egter van die uiterste belang dat soveel moontlik skoolbeheerliggaamlede presies verstaan wat hul rol en funksie is. Vandaar die besluit om die handleiding te vertaal in van Suid-Afrikaanse se grootste amptelike tale. Die handleiding bied 'n kort oorsig oor die kernaspekte van skoolbeheer en is die ideale vertrekpunt vir nuutverkose beheerliggaamlede en selfs ervare lede wat hul kennis en ervaring verder wil verbreed.



# Nuwe en hersiene Beleidsdokumente: 2018

Die volgende regsmenings, beleidsdokumente en voorbeeld-dokumente is gedurende 2018 deur FEDSAS se regsspan ontwikkel of hersien. Dit is beskikbaar by www.fedsas.org.za

## Nuwe regsmenings en voorbeeld-dokumente

- Ontslag vir onbevoegdheid weens swak werksprestasie of weens swak gesondheid en besering
- Naamskending op sosiale netwerke en die hantering van skadelike aanlyn-kommentaar en klagtes
- Die status van gekoöpteerde skoolbeheerliggaamlede op 'n onderhoudspaneel
- Aanspreeklikheid ten opsigte van koste aangegaan vir nood-mediese behandeling vir leerders
- SBL-opname (tweetalig)
- SBL-jaarlikse opname (tweetalig)
- SBL-vergaderings – gewone opname
- SBL-jaarlikse selfassesseringsverslag
- Opname oor SBL-vergadering
- SBL-jaarlikse selfassesseringsopname
- Nasionale kwintiele vir befondsing van openbare skole

## Regsmenings hersien

- Onderrig aan buitelanders
- Voorkeurverkryging by skole en die Mededingingswet: Riglyne vir openbare skole
- Die plig om bewys te lewer van gekombineerde bruto inkomste vir die doeleindes van aansoek om kwytskelding van skoolfonds
- Skole se plig om inligting aan provinsiale amptenare te verskaf
- Vasstel, kwytskelding en insameling van skoolfonds
- Rente op agterstalllige skoolfonds
- Aansoek om goedkeuring vir afwyking van enkele verkiesingsvergadering
- Vrae oor skoolfonds
- Kontrolelys en struikelblokke vir skoolbeheerliggaamverkiesings – 2018
- Beëdigde verklaring van ouer wat aansoek doen om kwytskelding van skoolfonds

## Beleid hersien

- Toelatingsbeleid vir Gauteng-skole
- Konsepgedragskode vir ouers en besoekers
- Grondwet van beheerliggaame
- Gedragskode vir leerders

# Fokusarea: Groei ledetal

FEDSAS se ledetal op 31 Oktober 2018 staan op 2060 skoolbeheerliggame van openbare skole. Daar is egter byna 24 000 openbare skole in Suid-Afrika en die groei van FEDSAS se ledetal bly dus 'n primêre doelwit.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2018 rondom groei van ledetal:

**Aksies onderneem:**

- 19 nuwe lede

# Fokusarea: Fondswerwing en Verhoudingsbestuur

FEDSAS is 'n organisasie sonder winsbejag en is dus, benewens die fooie van lede, van eksterne bronne vir inkomste afhanklik.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2018 rondom fondswerwing en verhoudingsbestuur:

**Aksies onderneem:**

- Sluit van strategiese vennootskappe
- Deurlopende vergaderings en formele en informele ontmoetings met onderwysrolspelers, insluitend politieke leierskap, ten einde FEDSAS se rol as meningsvormer gestand te doen en om gesonde, proaktiewe verhoudings met rolspelers te bou
- FEDSAS tree op as ondersteunende vennoot en uitstaller en FEDSAS-personeel tree op as sprekers by 2018 Edutec Africa
- FEDSAS tree op as ondersteunende vennoot en uitstaller en FEDSAS-personeel tree op as sprekers by 2018 SABC EduWeek (5500 besoekers, 170 uitstallers)
- FEDSAS woon beraad van Departement Wetenskap en Tegnologie by
- FEDSAS woon Education Innovation-beraad by

# Fokusarea: Goeie Korporatiewe Bestuur

FEDSAS is verbind tot goeie korporatiewe bestuur en die daarstel van strukture wat die beste moontlike omgewing skep vir die uitvoer van die organisasie se take.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2018 rondom goeie korporatiewe bestuur:

**Aksies onderneem:**

- Verdere implementering van beginsels van King IV™ -verslag oor goeie korporatiewe bestuur en beheer vir Suid-Afrika, 2016, as brondokument vir goeie korporatiewe bestuur

# DOELWITTE VIR 2019

## Oorkoepelende tema vir 2019: Die viering van diversiteit

### Strategiese doelwitte:

- om 'n provinsiale konferensie / brandpuntvergaderings vir beheerliggame in elke provinsie aan te bied;
- om leerderberade aan te bied vir leerders wat lede is van beheerliggame;
- om opleiding aan te bied oor menslikehulpbronbestuur en spesifiek aanstellingsprosesse; en
- om skole by te staan om diversiteit te vier deur 'n idees-pakket beskikbaar te stel en opleiding vir lede te gee.



# Verslag van die Uitvoerende Hoof

## FEDSAS se vyf-en-twintig jaar

In ŉ wêreld waarin organisasies kom en gaan, is dit vir FEDSAS ŉ groot mylpaal om vanjaar ons 25ste bestaansjaar te vier. Oorlewing en groei, volhoubaarheid en standvastigheid hou verband met die mate waartoe mense en organisasies kan aanpas by veranderinge en uitdagings wat met toenemende snelheid op ons afstorm. Groter eise word deur globalisering, groter sosiale en omgewingsbewustheid en skaarser wordende hulpbronne aan almal en alle organisasies gestel om verantwoordelik, verantwoordbaar, billik en deursigtig op te tree.

Die feit dat FEDSAS hierdie mylpaal in sy bestaan vanjaar kan vier, is bewys van die organisasie se vermoë om aan te pas en te groei.

## Die groot gebeurtenisse in 2018

Elke derde jaar is ŉ groot jaar vir FEDSAS. 2018 was so ŉ jaar. Dit is natuurlik omdat die driejaarlikse beheerliggaamverkiesings vir alle openbare skole moet plaasvind, wat tot gevolg het dat ŉ nuwe geslag lede van beheerliggame hierdie dinamiese veld betree. In elke verkiesingsjaar is die aktiwiteite wat met hierdie verkiesings verband hou, die grootste enkele en duurste projek wat FEDSAS vir die spesifieke jaar aanpak.

Soos elders in hierdie verslag gerapporteer, is ŉ baie omvattende bewusmakingsveldtog met die oog op die verkiesings geloods en is duisende nuwe lede van beheerliggame regoor die land toegerus om hul take en verantwoordelikhede met geesdrif en nuutgevonde kennis aan te pak.

Twee baie belangrike inisiatiewe waaroor ook elders in hierdie verslag berig word, is van stapel gestuur. Dit is die implementering van webinare vir doeleindes van voortgesette opleiding van ons lede en die daarstel van die FEDSAS Sentrum vir Tegnologie. Dit plaas FEDSAS aan die voorpunt van die gebruik van tegnologie om ons lede tot diens te wees.

Teen die agtergrond van ŉ baie vol jaar is dit vir my ’n voorreg om oorsigtelik dog so eerlik en volledig moontlik aan die hand van die ses kapitale insette waarna in die King IV™-verslag verwys word, verslag te doen oor FEDSAS se aktiwiteite. Die inligting in hierdie verslag moet dus gelees word saam met die inligting in die res van die geïntegreerde verslag om sodoende ’n geheelbeeld te kry van wat gedoen is, wat bereik is en watter realistiese vooruitsigte vir volhoubaarheid bestaan.

## Finansiële kapitaal

FEDSAS moes vanjaar vir BTW registreer. Dit het onmiddellik ŉ implikasie van eers ŉ 14%- en later ŉ 15%-verhoging in ledegeld gehad sonder dat ons of ons lede direk daarby gebaat het. Dis was dus ŉ besondere uitdaging om ledegeld so bekostigbaar moontlik te hou. ŉ Verhoging van slegs 1.9% in ledegeld wat FEDSAS sou toekom was gevolglik moontlik en uitgawes moes sodanig bestuur word dat ons binne die perke van ons inkomste bly.

Die ideaal wat deel vorm van FEDSAS se volhoubaarheidstrategie is om elke jaar met ŉ oorskot af te sluit ten einde ŉ reserwefonds op te bou wat volhoubaarheid in tye van krisis kan verseker. Realistiese projeksies vir 2018 dui daarop dat die ideale verlangde oorskot nie bereik gaan word vir hierdie jaar nie. Vanweë die wyse besluit om die reserwefonds op te bou, word FEDSAS se volhoubaarheid egter nie bedreig nie.

## Vervaardigde kapitaal

FEDSAS is in die bevoorregte posisie dat ons veel met min fisiese hulpbronne kan vermag. Tegnologie maak dit moontlik dat FEDSAS se personeel teen relatief lae koste tot beskikking van ons lede en belanghebbendes is. Die tegnologie-ontwikkeling waarna hierbo verwys is, help om dienslewering te verbeter en verseker ook dat ons tred hou met die eise van die Vierde Industriële Revolusie.

Vervoer om by ons lede en by verskillende geleenthede waar ons teenwoordigheid vereis word, uit te kom, is ons grootste enkele uitgawe aan fisiese hulpbronne. Daardie uitgawe is egter steeds ruim binne die norm wat algemeen vir nie-winsgewende diensorganisasies aanvaar word. Koste ten aansien van kantoorhuisvesting kan tot die minimum beperk word deur gebruik te maak van virtuele kantore, maar as gevolg van die groei en uitbreiding wat FEDSAS beleef, is ons reeds genoodsaak om te beplan vir alternatiewe kantoorhuisvesting van die nasionale kantoor. Uiteraard sal die koste daarvan deeglik oorweeg word alvorens planne in hierdie verband gefinaliseer word.

## Intellektuele kapitaal

Etiese waardes is die grondslag waarop al FEDSAS se stelsels, prosedures en protokolle gebou is. Daarby het die nasionale raad ook baie kort ná die bekendstelling van die King IV™-verslag besluit dat die aanbevole beginsels en praktyke van daardie verslag neerslag sal vind in die wyse waarop FEDSAS beheer en bestuur sal word. Die King IV™-verslag is ook toeganklik gemaak vir al ons lede. Dit is ŉ omvattende taak wat deur FEDSAS se Instituut vir Skoolbeheer, -bestuur en leierskap onderneem is.

Die benutting en ontwikkeling van intellektuele kapitaal is ook die kernsaak van FEDSAS se afdeling vir ondersteuningsdienste. Navorsing en advies oor die geweldige omvang van skoolbeheerliggame se verantwoordelikheid verg dat tydige, akkurate en eties-volhoubare leiding en hulp aan ons lede beskikbaar moet wees.

## Mensekapitaal

Die groei in FEDSAS word weerspieël in die groei in die personeelkorps. Die totale getal personeel staan nou op 50. Soos dit met diensorganisasies van hierdie aard gesteld is, is personeelkoste FEDSAS se grootste enkele begrotingsuitgawe. Dit is egter sonder twyfel ook FEDSAS se grootste en belangrikste hulpbron en daarom word ook ruim voorsiening gemaak vir die voortdurende opleiding en toerusting van ons personeel. Die bron van ervaring, kennis en vaardighede oor skoolbeheer en -bestuur waaroor ons personeel beskik, is eenvoudig nie vergelykbaar in die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks nie.

## Sosiale en verhoudingekapitaal

Een van FEDSAS se belangrikste doelstellings is om die onderwyslandskap positief te beïnvloed. Om hierdie rede is die bou van verhoudinge nie net met ons eie lede nie, maar met onderwysrolspelers en -belanghebbendes op alle vlakke ŉ hoë prioriteit in FEDSAS se werksaamhede. Die betrokkenheid van al ons personeel op vele vlakke van die onderwys in al nege provinsies en op nasionale vlak is buitengewoon. Die teenwoordigheid van FEDSAS se handelsmerk in skoolonderwys is onmiskenbaar.

FEDSAS se skakeling en interaksie met die Departement van Basiese Onderwys bly uitstekend en geskied op gereelde grondslag. Dit bly egter ŉ frustrasie dat konkrete resultate nie altyd dadelik sigbaar is nie of baie lank neem om te manifesteer. Die sukses van pogings tot skakeling en interaksie met provinsiale onderwysdepartemente hang tot ŉ baie groot mate af van die funksionaliteit van die provinsiale onderwysdepartement self. FEDSAS se 25 jaar van betrokkenheid in skoolonderwys in Suid-Afrika het egter geleer dat volharding en geesdrif uiteindelik resultate tot gevolg het.

## Natuurlike kapitaal

Die aard van FEDSAS se werk en bedrywighede is sodanig dat baie min staatgemaak word op natuurlike hulpbronne. Die behoorlike benutting van hernubare bronne en beskerming van natuurlike hulpbronne vorm egter deel van alle fasette van toekomsbeplanning.

## Ledetal

Volledige besonderhede oor ons ledetal en die voetspoor van FEDSAS oor Suid-Afrika heen word elders in die verslag gereflekteer. Ledegeld is FEDSAS se ekonomiese enjin wat ons nodig het vir volgehoue dienslewering maar ook vir volhoubaarheid. Die swak ekonomiese toestand waarin die land verkeer, affekteer ons lede ook en dus is ons tegemoetkomend teenoor daardie lede wat die slegste deur die ekonomiese insinking geraak word.

# Ons is trots op ons verbintenis met ons lede en bedank hulle ook vir hul lojaliteit teenoor ons.

## Nasionale aktiwiteite en aktiwiteite in provinsies

Ek vertrou dat hierdie verslag aan die leser daarvan ŉ beeld sal verskaf van die omvang van FEDSAS se aktiwiteite en dienste aan en namens lede gedurende hierdie jaar. Daardie beeld is egter maar ŉ klein weerspieëling van die werklike toedrag van sake. Deur maandelikse verslagdoening deur alle personeel oor alle aktiwiteite van elke maand, kry die bestuur van FEDSAS gereelde terugvoer oor wat op grondvlak gedoen word. Dit skep elke maand ŉ verstommende prentjie van toewyding en harde werk op elke denkbare vlak waarby ŉ beheerliggaamorganisasie landswyd betrokke is en kan raak.

## Volhoubaarheid en die pad vorentoe

Die pad vorentoe vir FEDSAS is belowend, maar uitdagend. Een van die uitdagings waaraan die organisasie reeds hard werk, is die diversifisering van lede en personeel om ŉ breër rol in verbetering van skoolbeheer en -bestuur deur die hele Suid-Afrika te kan speel. Verskeie aanstellings wat die afgelope tyd gemaak is, plaas FEDSAS op die regte pad om toenemend in die toekoms ŉ betekenisvolle impak te maak. Die nood in onderpresterende skole is groot en as FEDSAS werklik ŉ betekenisvolle impak in onderwys in Suid-Afrika wil maak, sal die organisasie toenemend moet uitreik en daar ŉ verskil maak. Die belowende gedeelte van die toekoms lê daarin dat FEDSAS nou ŉ goed-gevestigde organisasie met ŉ sterk steunbasis is wat ŉ sterk netwerk van vennote en belangegroepe het.

Ons bly vasbeslote om die draer van hoop en vervulde verwagtinge vir skoolonderwys in Suid-Afrika te wees.

Paul Colditz:

Uitvoerende hoof

# Oorsig: Finansiële State

## ALGEMENE INLIGTING

### Tydperk

Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor die finansiële posisie van FEDSAS vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2017.

### Bestuur se verantwoordelikheid en goedkeuring

Hierdie finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die South African Statements of Generally Accepted Practice opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is. Op grond van inligting en verduidelikings wat deur die bestuur van FEDSAS verskaf is, is die Raad van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige wesenlike wanverklaring of verlies bied. FEDSAS se bestuur het die organisasie se kontantvloeivoorspelling vir die jaar tot 31 Desember 2017 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die beheerliggaam toereikend middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede vir die voorsienbare toekoms voort te sit.

### Ouditeure

GERT JORDAAN INCORPORATED
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER (SA)

Geregistreerde lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (nr. 20027133)

GJ INC.

Gert Jordaan Inc.
Reg: 2014/047257/21
Practice nr: 953656
3 Jan Marx Street
Langenhovenpark
Bloemfontein
9301

**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR**

**Aan die lede van FEDSAS**

**Opinie**

Ons het die finansiële state van FEDSAS, soos uiteengesit op bladsye 6 tot 12, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2017, en die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en die staat van kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekenkundige beleid.

Na ons mening is die meegaande finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van FEDSAS soos op 31 Desember 2017, en van sy finansiële prestasie en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëndig het, ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings.

**Basis vir Opinie**

Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde (ISAs). Ons verantwoordelikhede onder die standaarde word verder beskryf in die verantwoordelikhede van die ouditeur vir die oudit van die finansiële state seksie van hierdie verslag. Ons is onafhanklik van FEDSAS in ooreenstemming met die etiese vereistes wat op ons oudit van die finansiële state in Suid-Afrika van toepassing is, en ons het ons ander verantwoordelikhede in ooreenstemming met die vereistes voldoen. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons mening bied.

**Verantwoordelikhede van Bestuur en Diegene wat verantwoordelik is vir korporatiewe beheer ten opsigte van die Finansiële state**

Bestuur is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële state in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en vir sodanige interne beheer wat die bestuur as nodig ag om hulle in staat te stel om finansiële state op te stel wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy as gevolg van bedrog of foute.

In die voorbereiding van die finansiële state, is die bestuur verantwoordelik vir die beoordeling van FEDSAS se vermoë om voort te gaan as 'n lopende saak, bekendmaking, soos van toepassing, van sake wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopendesaak-grondslag as rekeningkundige basis, tensy bestuur óf van voorneme is om die entieit te likwideer of bedrywighede te staak, of het geen realistiese alternatief is as om dit te doen nie.

Diegene verantwoordelik vir korporatiewe beheer is verantwoordelik vir die oorsig oor die finansiële verslagdoeningsproses van FEDSAS.

**Verantwoordelikhede van die Ouditeur vir die oudit van die finansiële state**

Ons doelwit is om redelike gerusstelling te verkry of die finansële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die Internasionale Ouditstandaarde (ISAs) uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of gesamentlik wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beinvloed.

**Gert Jordaan CA(SA)**

**Gert Jordaan Ingelyf**
3 Jan Marx Straat
Langenhovenpark
Bloemfontein
9301

Datum: 9 Maart 2018

Niël Pienaar & Medewerkers Associates
ACCOUNTING | TAX | ADVISORY | BBBEE
TAXIT (CK 2002/028844/23)

8 Fraundorfer St 8, Fichardtpark, BLOEMFONTEIN 9301
33243, Fichardtpark, 9317 info@taxit.co.za
(051) 501 4850, (051) 501 4857, www.taxit.co.za

## Praktisyn se Kompilasieverslag

**Aan die lede van Fedsas**

Ons het die finansiële state van Fedsas, soos uiteengesit op bladsye 7 tot 13, opgestel gebaseer op inligting deur u verskaf. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie van Fedsas soos op 31 Desember 2017, die staat van omvattende inkomste, staat van veranderings in ekwiteit en staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Ons het hierdie kompilasie-aanstelling uitgevoer in ooreenstemming met 'International Standard on Related Services 4410 (Revised), Compilation Engagements'.

Ons het ons kundigheid in rekeningkunde en finansiële verslagdoening aangewend om u by te staan met die voorbereiding en aanbieding van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings. Ons het voldoen aan relevante etiese vereistes, insluitende beginsels van integriteit, objektiwiteit, professionele bevoegdheid en behoorlike sorg.

Hierdie finansiële state en die akkuraatheid en volledigheid van die inligting gebruik om die finansiële state op te stel is u verantwoordelikheid.

Aangesien ‘n kompilasie-aanstelling nie ‘n gerusstellingsaanstelling is nie, word daar nie van, ons vereis om die akkuraatheid en volledigheid van die inligting, deur u aan ons verskaf om hierdie finansiële state op te stel, te verifieer nie. Gevolglik spreek ons nie ‘n ouditmening of ‘n oorsig gevolgtrekking uit of hierdie finansiële state voorberei is in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings nie.

DP Pienaar

**Niël Pienaar & Medewerkers**
**Vennoot**
**Professionele Rekenmeesters (SA)**

# Bestuur se verslag

Dit is vir die direkteure 'n plesier om hul verslag oor die finansiële state van Fedsas en sy geassosieerdes vir die jaar geëindig 31 Desember 2017, in te dien.

### 1. Inkorporasie

Die maatskappy is op 27 April 1998 geïnkorporeer en het sy sertifikaat om met besigheid te begin op dieselfde dag verkry.

### 2. Aard van besigheid

Fedsas is in Suid-Afrika geïnkorporeer en assisteer skole beheerliggame met die uitvoer van hul pligte.

### 3. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die finansiële state is voorberei in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die vereistes van die Maatskappywet, 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid is konsekwent in vergelyking met die vorige jaar toegepas.

Volledige besonderhede van die maatskappy se finansiële posisie, resultate van bedrywighede en kontantvloei word in hierdie finansiële state uiteengesit.

### 4. Ouditeure

Gert Jordaan Ingelyf het voortgegaan in amp as ouditeure vir die maatskappy vir 2017.

By die AJV sal die lede versoek word om Gert Jordaan Ingelyf her aan te stel as onafhanklike eksterne ouditeure van die maatskappy en om te bevestig as die aangewese toonaangewende ouditvennoot vir die 2018 finansiële jaar.

## Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Desember 2017

| | Aan-teke-ning(e) | 2017 R | 2016 R |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 2 | 139,325 | 280,578 |
| Lening - SA Onderwys Trust | 3 | 1,399,771 | 1,299,091 |
| | | **1,539,096** | **1,579,669** |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad | 4 | 222,003 | 152,900 |
| Handels- en ander debiteure | 5 | 359,102 | 452,077 |
| Vooruitbetalings- regskoste | | - | 2,715 |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 | 4,088,058 | 3,501,848 |
| | | **4,669,163** | **4,109,540** |
| **Totale bates** | | **6,208,259** | **5,689,209** |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | |
| **Nasionale Raad se Fondse en Reserwes** | | | |
| Nie-uitkeerbare reserwes | | 1,149,497 | 1,149,497 |
| Behoue verdienste | | 4,509,386 | 4,322,826 |
| | | **5,658,883** | **5,472,323** |
| **Laste** | | | |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Handels- en ander krediteure | 7 | 549,376 | 216,886 |
| **Totale ekwiteit en aanspreeklikhede** | | **6,208,259** | **5,689,209** |



## Fedsas
Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2017

# Staat van Omvattende Inkomste

| | Aan-teke-ning(e) | 2017 R | 2016 R |
|---|---|---|---|
| Inkomste | 8 | 13,975,157 | 12,544,218 |
| Koste van verkope | 9 | (97,565) | 16,315 |
| **Bruto wins** | | **13,877,592** | **12,560,533** |
| Ander inkomste | 10 | 4,947,079 | 7,152,007 |
| Bedryfskoste | | (19,279,561) | (18,560,673) |
| **Bedryfs (verlies) wins** | | **(454,890)** | **1,151,867** |
| Beleggingsinkomste | 11 | 641,450 | 561,019 |
| **Wins vir die jaar** | | **186,560** | **1,712,886** |
| Ander omvattende inkomste | | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | | **186,560** | **1,712,886** |

## Fedsas
Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2017

# Staat van Veranderings in Ekwiteit

| | Regsfonds-reserwe | Ander nie verdeelbare reserwe | Totale reserwes | Behoue verdienste | Totale ekwiteit |
|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R |
| **Saldo op 1 Januarie 2016** | **429,381** | **720,116** | **1,149,497** | **2,609,940** | **3,759,437** |
| Wins vir die jaar | - | - | - | 1,712,886 | 1,712,886 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | - | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **-** | **-** | **-** | **1,712,886** | **1,712,886** |
| **Saldo op 1 Januarie 2017** | **429,381** | **720,116** | **1,149,497** | **4,322,826** | **5,472,323** |
| Wins vir die jaar | - | - | - | 186,560 | 186,560 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | - | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **-** | **-** | **-** | **186,560** | **186,560** |
| **Saldo op 31 Desember 2017** | **429,381** | **720,116** | **1,149,497** | **4,509,386** | **5,658,883** |

Die rekeningkundige beleid op bladsy 11 en die aantekeninge op bladsye 12 tot 13 vorm 'n integrale deel van die finansiële state.

## Staat van Kontantvloei

| | Aan-teke-ning(e) | 2017 R | 2016 R |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant gegenereer deur bedrywighede | 12 | 131,658 | 105,744 |
| Rente-inkomste | | 641,450 | 561,019 |
| **Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite** | | **773,108** | **666,763** |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | 2 | (86,221) | (240,221) |
| Verkryging van lening - SA onderwys trust | | (100,680) | (93,438) |
| **Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite** | | **(186,901)** | **(333,659)** |
| **Totale kontantbeweging vir die jaar** | | **586,207** | **333,104** |
| Saldo aan die begin van die jaar | | 3,501,848 | 3,168,744 |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | 6 | **4,088,055** | **3,501,848** |



# Rekeningkundige Beleid

### 1. Aanbieding van finansiële state

Die finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings, en die Maatskappywet, 71 van 2008 opgestel. Die finansiële state is op die historiese kostegrondslag, buiten vir biologiese bates teen billike waarde minus verkoopspunt koste opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk, behalwe vir die veranderings uiteengesit in aantekening Eerste toepassing van die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings.

### 1.1 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word gedra teen kosprys minus opgehoopte depresiasie en opgehoopte waardedalingsverliese.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien ‘n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting, word die drabedrag van die vervangde item omgeswaai.

Depresiasie word voorsien deur gebruik te maak van die reguitlynmetode om die kosprys af te skryf, minus die beraamde reswaarde oor die nuttige lewensduur van die eiendom, aanleg en toerusting as volg:

Indien die hoofkomponente van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting aansienlik verskillende patrone van verbruik van ekonomiese voordele het, word die aanvanklike kosprys van die bate toegeken aan die hoofkomponente en elke sodanige komponent word afsonderlik gedepresieer oor sy nuttige lewensduur.

Grond word nie gedepresieer nie.

Die reswaarde, depresiasie metode en nuttige lewensduur van elke bate word hersien slegs waar daar 'n aanduiding is dat daar 'n beduidende verandering van die vorige skatting was.

### 1.2 Voorraad

Voorraad word gemeet teen die laagste van die kosprys en beraamde verkoopsprys minus koste om te voltooi en te verkoop, op die eerste-in-eerste-uit (EIEU) grondslag.

### 1.3 Waardedaling van bates

Die maatskappy evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat eiendom, aanleg en toerusting ontasbare bates of klandisiewaarde se waarde mag daal.

Indien daar enige sodanige aanduiding is, word die verhaalbare bedrag van enige geraakte bate (of groep van verwante bates) beraam en met sy drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in wins of verlies erken.

Indien 'n waardedalingsverlies daarna omswaai, word die drabedrag van die bate (of groep van verwante bates) verhoog na die hersiene beraming van sy verhaalbare bedrag, maar nie meer as die bedrag wat bepaal sou word indien geen waardedalingsverlies vir die bate (of groep van bates) in die vorige jare erken is nie. 'n Omswaai van waardedaling word onmiddellik in wins of verlies erken.

### 1.4 Inkomste

Inkomste word erken tot die mate waartoe die maatskappy die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van goedere aan die koper oorgedra het, of dienste gelewer het ingevolge 'n ooreenkoms op voorwaarde dat die bedrag betroubaar gemeet kan word en dit waarskynlik is dat ekonomiese voordeel, wat verband hou met die transaksie, die maatskappy sal toekom. Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar, uitgesluit verkoopsbelasting en afslag.

Rente word erken in wins of verlies deur gebruik te maak van die effektiewerentekoers-metode.

# Aantekeninge tot die Finansiële State

| | 2017 R | 2016 R |
|---|---|---|

## 2. Eiendom, aanleg en toerusting

| | 2017 | | | 2016 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Koste | Opgehoopte depresiasie en verswakkings | Drawaarde | Koste | Opgehoopte depresiasie en verswakkings | Drawaarde |
| Meubels en vaste toebehore | 123,869 | (82,783) | 41,086 | 123,869 | (58,009) | 65,860 |
| Motorvoertuie | 311,636 | (311,635) | 1 | 311,636 | (311,635) | 1 |
| Kantoortoerusting | 85,231 | (85,229) | 2 | 85,231 | (85,229) | 2 |
| Rekenaarprogrammatuur | 986,285 | (888,049) | 98,236 | 900,064 | (685,349) | 214,715 |
| **Totaal** | **1,507,021** | **(1,367,696)** | **139,325** | **1,420,800** | **(1,140,222)** | **280,578** |

**Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2017**

| | Openingsaldo | Byvoegings | Depresiasie | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Meubels en vaste toebehore | 65,860 | - | (24,774) | 41,086 |
| Motorvoertuie | 1 | - | - | 1 |
| Kantoortoerusting | 2 | - | - | 2 |
| Rekenaarprogrammatuur | 214,715 | 86,221 | (202,700) | 98,236 |
| | **280,578** | **86,221** | **(227,474)** | **139,325** |

**Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2016**

| | Openingsaldo | Byvoegings | Depresiasie | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Meubels en vaste toebehore | 47,927 | 41,823 | (23,890) | 65,860 |
| Motorvoertuie | 1 | - | - | 1 |
| Kantoortoerusting | 6,975 | - | (6,973) | 2 |
| Rekenaarprogrammatuur | 277,522 | 198,398 | (261,205) | 214,715 |
| | **332,425** | **240,221** | **(292,068)** | **280,578** |

## 3. Lening - SA Onderwys Trust

Hierdie lening is gemaak aan die S A Onderwys Trust en die lening is terugbetaalbaar op aanvraag. Hierdie lening is onderhewig aan rente teen geldmark koers van ABSA Beperk. Die heersende koers was 6% op 31 Desember 2015.

## 4. Voorraad

| | 2017 | 2016 |
|---|---|---|
| Voorraad literatuur | 222,003 | 152,900 |

## 5. Handels- en ander debiteure

| | 2017 | 2016 |
|---|---|---|
| Ontvangbare handelsdebiteure | 359,102 | 452,077 |

## 6. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

| | 2017 | 2016 |
|---|---|---|
| Kontant voorhande | 343,334 | 742,199 |
| Korttermyndeposito's | 3,476,805 | 2,520,114 |
| Kredietkaart | (81) | (2,465) |
| Ander kontant en kontantekwivalente - Voorskotte aan Provinsies | 268,000 | 242,000 |
| | **4,088,058** | **3,501,848** |

# Aantekeninge tot die Finansiële State

| | 2017 R | 2016 R |
|---|---|---|
| **7. Handels- en ander krediteure** | | |
| Krediteure voorsiening | 123,613 | 172,876 |
| Vooruitontvange inkomste | 425,763 | 44,010 |
| | **549,376** | **216,886** |
| **8. Inkomste** | | |
| Ledegeld & diverse inkomste | 13,975,157 | 12,544,218 |
| **9. Koste van verkope** | | |
| **Verkoop van goedere** | | |
| Koste van goedere verkoop | 97,565 | (16,315) |
| **10. Ander inkomste** | | |
| Other Income | 4,908,792 | 7,059,655 |
| DVD verkope | 5,287 | 57,352 |
| WEB Advertevsies | 33,000 | 35,000 |
| | **4,947,079** | **7,152,007** |
| **11. Beleggingsinkomste** | | |
| **Rente-inkomste** | | |
| Lening ontvangbaar en beleggings | 641,450 | 561,019 |
| **12. Kontant gegenereer deur bedrywighede** | | |
| Wins voor belasting | 186,560 | 1,712,886 |
| **Aanpassings vir:** | | |
| Depresiasie en amortisasie | 227,474 | 292,068 |
| Rente ontvang | (641,450) | (561,019) |
| **Veranderings in bedryfskapitaal:** | | |
| Voorraad | (69,103) | (12,430) |
| Handels- en ander debiteure | 92,972 | 85,687 |
| Vooruitbetalings- regskoste | 2,715 | 75,139 |
| Handels- en ander krediteure | 332,490 | (1,486,587) |
| | **131,658** | **105,744** |

**13. Belasting**

Die entiteit is geregistreer as 'n Nie Winsgewende Organisasie met NPO nommer : 128-598. Vervolgens is die entiteit vrygestel van Inkomstebelasting onder artikel 10(1)(cn) van die inkomstebelastingwet

## Volledige Inkomstestaat

| | Aan-teke-ning(e) | 2017 R | 2016 R |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Ledegelde | | 13,975,157 | 12,544,218 |
| **Koste van verkope** | | | |
| Verkrygings | | (97,565) | 16,315 |
| **Bruto wins** | | **13,877,592** | **12,560,533** |
| **Ander inkomste** | | | |
| Donasies, borgskappe & regsfonds | | 4,908,792 | 7,059,655 |
| DVD Verkope & Juta boeke | | 5,287 | 57,352 |
| Web Advertensies | | 33,000 | 35,000 |
| Rente ontvang | 11 | 641,450 | 561,019 |
| | | **5,588,529** | **7,713,026** |
| **Bedryfskoste** | | | |
| Advertensies | | (117,364) | (102,486) |
| Bankkoste | | (37,434) | (31,095) |
| Beurse | | (60,978) | - |
| Depresiasie, amortisasie en waardedalings | | (227,474) | (285,095) |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | | (160,180) | (178,275) |
| Geskenke | | - | (16,069) |
| Herstelwerk en instandhouding | | (64,232) | (73,798) |
| Huur | | - | (6,973) |
| Kantoorhuur | | (412,372) | (378,709) |
| Korporatiewe kleredrag | | (17,179) | (28,272) |
| Motorvoertuigkoste | | (13,082) | (8,247) |
| Munisipale uitgawes | | (32,917) | (32,587) |
| Onthaalkoste | | (47,000) | (24,309) |
| Opleiding | | (9,109) | (4,700) |
| Personeel beraad | | (764,627) | (744,179) |
| Posgeld | | (36,654) | (31,787) |
| Projekte uitgawes | | (267,746) | (502,706) |
| Regskoste | | (465,823) | (1,204,180) |
| Reiskoste - plaaslik | | (2,643,469) | (2,156,208) |
| Rekenaarkoste | | (128,073) | (124,970) |
| Rekeningkundige geld | | (39,730) | (24,065) |
| Slegte skuld | | - | (7,078) |
| Subskripsies & ledgeld | | (87,098) | (86,851) |
| Telefoon en faks | | (450,368) | (434,140) |
| Tydskrifte, boeke en joernale | | - | (986) |
| Vergaderings en Konverensie uitgawes | | (607,957) | (732,736) |
| Versekering | | (72,605) | (97,695) |
| Vertalingskoste | | (25,137) | (31,098) |
| Web administrasie | | (205,360) | (157,883) |
| Werknemerkoste | | (12,285,593) | (11,053,496) |
| | | **(19,279,561)** | **(18,560,673)** |
| **Wins vir die jaar** | | **186,560** | **1,712,886** |